

**Vrydag 25 September**

**Skrifgedeelte: Ester 6:14 – 7:6a**

**Fokusgedeelte: Ester 7:1-4 (1983-vertaling)**

**God voorsien ook waar ons bereid is om te dien**

**D**ikwels sal gelowiges vassteek by die gedagte dat God se voorsienigheid 'n passiewe ding is. God voorsien en ons ontvang. Hy beweeg en ons staan stil met hande opgehef, sodat ons in ontvangs kan neem wat God aan ons gee. Tog sou mens met hierdie beredenering mis hoedat God ons juis deur sy voorsienigheid oproep tot aksie.

Ester het haar plig as koningin nie versuim nie. Sy het nie net in die weelde van die paleis verdwaal en van haar mense vergeet nie. Deur die bekende woorde van Mordegai – dat sy dalk juis met die oog op 'n tyd soos dié koningin geword het – het sy moed bymekaargeskraap om in die tempelhof in te gaan. Daar het die Here dit bewerk dat die koning só deur haar bekoor is dat hy haar lewe spaar. Ester vra dan vir nog 'n ete en dan (met die vorige gebeure tussen Haman en Mordegai in gedagte) breek hierdie oomblik aan.

Die oomblik deur God voorsien. Dit is 'n *kairos*-oomblik, 'n Godgegewe oomblik. Die oomblik waar Ester, Haman en die koning weer saam eet en die koning weer vir Ester vra wat haar wens is. 'n Oomblik waar die tyd só perfek reg is om die vyand van God se volk uit te wys dat die koning nie anders kan as om Haman se slinksheid in te sien nie. Alles het hierin meegewerk. Ester se bereidwilligheid om haar Here te dien, haar deel te doen en te vertrou dat die Here sal voorsien.

Moet dan nie nalaat om te doen wat jou hand vind om te doen in die koninkryk van God nie. Vertrou dat die Here ook hierin nie sy voorsienende hand sal onttrek nie. Gryp elke Godgegewe oomblik in diens van Hom aan!

*Sing: Skrifberyming 2-2:2*

*Ds. D Kotzee (Dirk) (Pretoria-Alkantrant)*